


# ST. COMGALL

11 MEI

(516-601)



Hierdie baie invloedryke Ierse Kerkman is in die noorde van Ulster uit 'n adellike familie gebore. As jong seun is hy deur die beroemde heilige, Fintan, in die klooster van Cluain-Aidhnech opgevoed. Nadat hy etlike jare as kluisenaar deurgebring het, stig hy in die jaar 550 die abdy van Bangor en gou word hy ab van meer as drieduisend monnike. Hy was die eerste om die kloosterlewe in Ierland te organiseer en 'n kragtige instrument vir evangelisasie te maak. Hierdie Ierse vorm van die kloosterlewe sou dwarsdeur die Britse eilande versprei en ook deur sy leerling, die latere heilige Columbanus, na die Europese vasteland geneem word.